

OPENINGSREDE/OPENING ADDRESS

P F THERON, Sekretaris van Nywerheidswese

Dit is vir my 'n eer om uitgenooi te word om vandag hier op te tree en 'n voorreg om u te mag toespreek. Dit gaan nie net om 'n groot en belangrike nywerheid nie maar ook om 'n vergadering waar belangrike sake deur deskundiges voorgedra sal word.

Ek merk op dat u vandag se besprekings wy aan aspekte rakende die nywerheid se uitvoervoeruitsigte. Die tyd om daarvan 'n opname te maak en daaroor rekenskap te gee was seker nooit meer geleë as huis nou nie.

Die geleenthede om uit te voer was reeds vir 'n geruime tyd baie gunstig. Ongelukkig het ons tot dusver nie veel spaar kapasiteit gehad nie en kon van uitvoere min tereg kom. Die gunstige uitvoermark het saamgeval met 'n besonder hoë plaaslike vraag wat uit gunstige klimaatsomstandighede voortgespruit het. 'n Opname van die langtermyn vooruitsigte op die uitvoermark is in die eerste plaas nodig om te kan bepaal of grootskaalse belegging met die oog op vervaardiging vir die uitvoer geregverdig is.

Hopelik sal die deskundiges wat vandag hier referate lewer lig op die probleem kan werp.

Uit aangekondigde projekte wil dit lyk of individuele maatskappye hulself alreeds tevreden gestel het dat uitvoere van ten minste sekere behoeftes soos fosforsuur oor die lang termyn voordelig onderneem kan word.

Dit is gemene saak dat uitvoere vir ons land van die allerkroostste belang is en dat dit mettertyd al meer belangrik word. Sedert baie jare, en ten minste oor die laaste kwarteeu wat ek met nywerheidsontwikkeling te doen het, was daar erkenning van die behoefte om nywerheidsontwikkeling so te stuur dat uitvoer-georiënteerde nywerhede spesiaal aangemoedig moes word. Daar was selfs 'n verantwoordelike gedagterigting dat invoervervangingsbedrywe met weinig uitvoerpotensiaal min aanspraak op ons skaars hulpbronne het. Daardie gedagterigting het missien ook van tyd tot tyd in staatsoptrede die batoon gevoer in die sin dat nywerheidsaanmoediging deur die tariefbeskermingsinstrument by tye hoogs selektief geword het. Trouens, onder bepaalde omstandighede het 'n beleid van hoogs selektiewe aanmoediging besliste voordele.

Verskeie faktore het dit vir ons feitlik onmoontlik gemaak om te selektief te wees wat betref nywerheidsontwikkeling. Aanvanklik, veral gedurende die vyftigerjare, maar ook later, het betalingsbalansprobleme ons feitlik genoeg om alle vervaardigingsaktiwiteite wat ook maar redelik ekonomies gelyk het, te onderneem. Later, na Sharpeville en in die toenemend verslegtende internasionale klimaat waarin die land hom bevind het, was dit nodig om vir ekonomies-strategiese oorwegings so weer-

baar as moontlik te word. Nog later het ons met die probleem van die toenemende aantal werksoekers en die sogenaamde gety van stygende verwagtings te doen gekry. In hierdie omstandighede was dit onvermydelik dat sommige nywerhede gevestig is wat weinig verdienste getoon het.

Dit is in hierdie milieu dat die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf gebore is — seker meer uit nood as vanweë besondere ekonomiese vooruitsigte of meriete op daardie stadium.

Die ontwikkelings in die kunsmisbedryf sedert sy ontstaan het seker die grondleggers daarvan se stoutste verwagtings oortref. Daarvoor moet die mānne aan die stuur van die bedryf tot 'n groot mate die krediet kry. Vandag word behalwe vermenging en verkorreling 'n hele reeks chemiese aktiwiteite onderneem soos ammoniakproduksie, fosforsuurvervaardiging en herwinning van ammoniumsulfaat by YSKOR en SASOL. Vir fosfate word plaaslike fosfaatrots in genoegsame hoeveelhede vir alle behoeftes verkry en verwerk, en die reserwes is feitlik onuitputlik. Selfs 'n deel van ons swawelsuurbehoeftes word plaastlik verkry en op 'n ander wyse as gebruikmaking van ingevoerde swawel.

Die waarde van produksie is van die orde van R266 miljoen en die boekwaarde van vaste bates nagenoeg R245 miljoen.

Dit is nie vir my nodig om te sê dat my Departement (en ek dink ek kan ook sê dat dit die geval is ten opsigte van die Regering) baie waarde heg aan die kunsmisbedryf en sy prestasies. Dit is so omdat dit 'n beleggingsveld is; ook omdat dit uitgebreide werksgeleentheid skep en omdat dit 'n wye reeks van plaaslike grondstowwe benut. Maar meer belangrik nog as al hierdie oorwegings is die feit dat kunsmis so 'n belangrike inset vir die landboubedryf is. Dit is immers nie weg te redeneer nie dat die landboubedryf een van die stutte van die landsekonomie is. Dit is trouens 'n stut wat absoluut onmisbaar is. Die landbou-sektor het oor die laaste twee-drie dekades met rasse skrede vooruitgegaan. Dit het gebeur danksy die wetenskap en die bedryfsleer. Plae en peste is onder beheer gebring. Kultivars wat 'n hoēr opbrengs lewer, meer siekte-bestand is en aangepas is by bepaalde klimaat- en grondsoorte is ontwikkel.

Gebruikmaking van metodes van grondontleding en die hulp van deskundiges op die gebied van bemesting het meer algemeen geword. Die bemarking van landbouprodukte het meer georden geword. Inligting betreffende markte het boere gehelp om produksie beter te beplan en hul inkomste te verhoog. Onderliggend aan al die pogings ter verbetering van die opbrengs is egter die beskikbaarheid van 'n goedkoop bron van plantvoedsel.

In hierdie opsig is ons landbou vandag in 'n relatief gunstige posisie — gunstig omdat hy kan staatmaak op feitlik deurlopend volle voorsiening uit relatief goedkoop plaaslike bronne en ondanks dat daar al gesê is dat ons wel 'n ideale mynbouland is, met die mineralerykdomme so ná aan die oppervlakte, maar geen groot landbouland nie omdat die vrugbare bogrond ontbreek.

Die snelstygende voedselbehoeftes van die mensdom het die dryfveer geword vir die sogenaamde groenrevolusie. Daar is min twyfel dat, tensy landbouopbrengste gelykmatig met die eksponensiële aanwas van die bevolking van die aarde groei, verhongering van die mensdom katastrofiese afmetings sal aanneem. Die beste landbougronde van die wêreld is, op enkele uitsonderings na, reeds onder verbouing. Groter en groter opbrengste op dieselfde grondoppervlakte is dus 'n dringende behoefte, en ofskoon dit nie op my pad lê om daarvoor oplossings te soek nie, is dit voor die hand liggend dat kunsmis-wêreldwyd steeds in groter aanvraag sal kom.

U sal ongetwyfeld later vandag Suid-Afrika se posisie as moontlike leveransier in hierdie konstellasie in oënskou neem.

Een van die aangeleenthede wat saamhang met beskikbaarheid, is die prys/koste-verhouding van kunsmis. Soos u weet is kunsmis onderworpe aan prysbeheer. Dit, sowel as verskeie ander faktore moes baie bygedra het daartoe dat die koste van kunsmis vir dié boer oor die jare veel minder as ander landboubehoeftes en -produkte gestyg het. Die bedryf kan vandag tereg spog dat tot 1973/74 (die laaste jaar waarvoor toepaslike gegevens beskikbaar is) die prysindekse vir kunsmis vér laer was as dié van enige ander boerderybenodigdheid. Dit is waar dat die styging in prys verlede jaar die prentjie aansienlik verander het, maar dit was meestal tewyte aan omstandighede buite die beheer van die bedryf. Ek wil die vertroue uitspreek dat sommige van die grondstowwe wat van buitelandse herkoms is, weer na 'n meer draaglike vlak sal daal.

Daar word dikwels oor die amptelike beleid betreffende die bepaling van prys gesê dat dit 'n remmende invloed op privaatsektor-besluite betreffende belegging in uitbreidings van die tersaaklike nywerhede het. Prysbeheer in die algemeen ressorteer nie onder my Departement nie maar, soos u weet, ten opsigte van bepaalde bedrywe, waaronder die kunsmisbedryf, doen my Departement wel die ondersoekwerk en maak aanbevelings aan die Regering daaroor. Dit is gevolglik vir my 'n behoefte om een en ander oor die aangeleenthed te sê.

Ek onderskryf heelhartig die winsmotief as die essensie van die vrye ekonomiese stelsel wat in Suid-Afrika gangbaar is, en beskou die winsmotief as die dryfkrag agter vernuwing, innovasie, beter diens en, trouens, agter al ons ekonomiese aktiwiteite. Dit is dus verre van my bedoeling om met die winsmotief fout te vind. In hierdie verband moet daar egter ook 'n paar basiese feite in gedagte gehou word.

In die eerste plaas is ons stelsel een van 'n vrye mark-ekonomie. So 'n stelsel veronderstel 'n minimum van inmenging van owerheidsweë. Dit veronderstel verder dat elke ondernemer geregtig is op welke verdienste hy kan maak maar ook dat hy self enige nadelige gevolge van sy onoordeelkundige besluite moet dra. Ten tweede is 'n primêre vereiste vir die bevredigende werking van so 'n vrye ekonomiese stelsel dat daar volkome, of redelik volkome, mededinging sal wees. Daarmee moet ook gepaard gaan mobilitet van hulpbronne wat dit moontlik maak vir sulke hulpbronne om van een ekonomiese aktiwiteit na 'n ander sonder beperking te beweeg. Indien aan hierdie voorwaardes voldoen word sal daar 'n neiging tot ewewig in verdienstes tussen nywerhede wees.

Wat betref die toepassing van hierdie beginsels in die nywerheid vind ons dat daar 'n tipiese patroon van winsgewendheid voorkom naamlik dat, hoe groter die aantal ondernemers in 'n bedryf, des te groter wyk die individuele prestasie af van die gemiddelde of die norm. Dit is dus denkbaar dat in 'n florerende nywerheid wat deur 'n groot aantal ondernemers verteenwoordig word, hul onderskeie prestasies aansienlik sal wissel. Aldus sal daar diegene wees wat geen wins maak nie en op kapitaal teer. Aan die bokant van die skaal sal daar diegene wees met ondernemingsgees, bekwaamheid en vermoë om die optimum kombinasie van produksiefaktore te weeg te bring. Laasgenoemde sal premiewinstes maak. Die groot gros ondernemers in die bedryf sal egter waarskynlik bloot middelmatige prestasies behaal en 'n wisselende, maar gemiddelde beskeie, rendement verdien. 'n Tipiese verskynsel in 'n bedryf wat aldus saamgestel is, is dat die gemiddelde verdienste op totale kapitaalfondse aangewend in die bedryf, as geheel nie hoog is nie en waarskynlik ook nie veel hoër is as die rentekoers vir geleende fondse nie.

Die geldigheid van die patroon wat ek pas genoem het, kan gekontroleer word in die finansiële pers en byvoorbeeld die verslae van die Nasionale Produktiwiteitsinstituut.

So 'n winsgewendheidspatroon skakel mettertyd die ondoeltreffende eenhede uit. Dit moedig die gemiddeldes aan om beter te presteer. Dit vergoed volgens ekonomiese verdienste. U sal dus ook vind dat die Staat dit selde indien ooit nodig vind om in te gryp waar vrye mededinging onder 'n groot aantal ondernemers aan die orde van die dag is.

Die kunsmisbedryf het deur 'n proses van rasionalisasie en oornames 'n ongelukkige aanskyn van onbeteuelde monopolie mag verkry. Die aanskyn is versterk deur 'n markverdelingsoorseenkoms en ander reëlings wat nie dui op effektiewe mededinging nie. Ek kan maar net vertrou dat die bedryf sy beeld na buite sal uitbou en voorkom dat klagtes die Regering noop om op te tree.

It is necessary to repeat the point that a fairly low average rate of profitability does not preclude premium profits for individuals.

Conversely, premium profits for individuals are not inconsistent with a low average rate of profitability.

An industry comprising a few manufacturers, derives certain monopolistic powers which often preclude effective competition. Such competition as could be expected to be forthcoming from abroad is normally countered by Government action against imports. The consumer would therefore have to be protected by one of the two alternatives namely price control or removal of import restrictions or tariffs.

The lesser evil is normally considered to be price control. Now, what is a fair return on capital employed under price control in these circumstances? Must one regard the relatively modest, typical average of industries where competition is rife as a fair return or is it the level which for want of a better designation, may be termed monopoly profits?

I do not want to go on record as saying that profits in all industries must necessarily be equal. After all there are many factors which should be taken into account. For one, the risk factor arising from technical obsolescence, from weather conditions, from foreign competition and many others must be borne in mind. However, when all factors are equal the disparity in levels of profitability should not be excessive. I have a feeling that many industries claim more than what is due. Certain industries in this category claim an almost assured rate of profitability which is much in excess of rates of profitability in other comparable directions. Claims of that nature must of necessity be discounted by the State.

In the case of the fertilizer industry the Government has recently agreed to increase the rate of return on capital employed from $13\frac{1}{2}$ per cent to 16 per cent before tax. The industry would be well advised to assess its own position in relation to industry generally before making further approaches for an increase in profitability.

The granting of this increase is, however, a recognition of the special position occupied by the industry. I trust that it will lead to sound and strong growth and expansion.

Having said that much about profitability I would no doubt be expected to say something about two related matters namely inflation accounting and the use of replacement value in determining the rate of profitability.

To the extent that inflation accounting represents a conservative approach in financial matters, it seems to be a desirable method of arriving at the profitability of a company. Inflation accounting will certainly also lead to a sound conservative approach in profit distribution and internal financing.

Whereas I have no qualms about any reasonable private sector methods of calculation of profitability, I do want to stress that my Department's interest in profitability is for a quite a different purpose, namely to compare one firm with another, one industry with another and the profits of one period with another. For that purpose it uses the conventional basis as a standard or a gauge. It think you will agree that a gauge, even one which is not perfect but reasonably fulfilling the essential requirements of comparison, should not be tampered with.

I cannot foresee that my Department would feel justified to change over from the conventional method of calculation to a new, and I dare say, an as yet unproven system.

The pleas for the application of replacement values instead of depreciated historical book values, must be discounted for the same reasons.

In a period of high inflation and high interest rates it is natural that requests will be made for a pricing arrangement which will permit an increased rate of return. My view is that in justified cases a straightforward increase in profitability on the conventional basis should be aimed at even if, in practice, it is represented by management to share holders on quite a different basis.

Mnr die Voorsitter, wat ek graag met hierdie slotopmerkings wou tuisbring is dat my Departement waardering het vir gesonde beginsels van boekhouding maar dat, vir sy interne doeleindes, dit vir die Departement nodig is om sy maatstawwe onaangetas te hou. Verhogings van rendement moet, wat hom betref, volgens die erkende en bepaalde skaal verleen word en nie verskuil word agter minder goed omskreve begrippe nie.

Mnr die Voorsitter, ek open hiermee u jaarvergadering en spreek my oopregte wense uit vir 'n vrugbare reeks besprekings.